**VRYSTAAT HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Hersiening Nr. : 121/2009

In die hersiening tussen:-

**DIE STAAT**

*versus*

**SHUPING KESILWE**

---

| | |
|---|---|
| **CORAM:** | WRIGHT, R *et* MOCUMIE, R |
| **UITSPRAAK DEUR:** | WRIGHT, R |
| **GELEWER OP:** | 30 APRIL 2009 |

---

[1] Die beskuldigde in hierdie saak, 'n 38-jarige man, is skuldig bevind aan poging tot diefstal nadat hy skuldig gepleit het. Hy is dan ook soos volg gevonnis:

> "Ingevolge artikel 276(1)(b) Wet 51 van 1977 word die beskuldigde gevonnis tot 24 (vier en twintig) maande gevangenisstraf waarvan 12 (twaalf) maande gevangenisstraf opgeskort word vir 4 (vier) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan diefstal of poging daartoe gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie.

> Ingevolge artikel 280(2) Wet 51 van 1977 word gelas dat (6) ses maande gevangenisstraf samelopend uitgedien word met die vonnis van 18 (agtien) maande gevangenisstraf ingevolge artikel 276(1)(i) Wet 51 van 1977."

[2] Dit blyk dat die beskuldigde 'n "bush cutter-motor" probeer steel het en dat die waarde daarvan, indien dit 'n nuwe implement sou wees, R800,00 na R1 000,00 sou beloop. Dit blyk egter uit die getuienis dat die betrokke implement nie nuut was nie, maar 'n gebruikte motor. Voorts vermeld die landdros dat die beskuldigde nie 'n vrou en kinders het nie en dat hy 'n karige verdienste ontvang het as teler en plaveier en dat hy nie in staat is om 'n boetevonnis te betaal nie.

[3] Dit blyk dan ook dat die beskuldigde 'n vorige veroordeling het vir diefstal en dat hy ingevolge artikel 276(1)(i) van Wet 51 van 1977 tot 18 (agtien) maande gevangenisstraf gevonnis waaruit die beskuldigde na goeddunke van die Kommissaris onder korrektiewe toesig geplaas mag word. Die landdros het dan ook die moontlikheid in ag neem dat die skuldigbevinding aan die huidige misdaad tot gevolg mag

hê dat hy die vorige vonnis vir ‘n langer tydperk of as geheel sal moet uitdien.

[4] Gevolglik is die volgende navraag aan die landdros deur myself gerig:

> “Redes vir vonnis word verlang.
>
> Op welke grondslag is gelas dat 6 maande van die vonnis samelopend uitgedien moet word met die vorige vonnis van die beskuldigde wat opgelê is op 15-12-2008, veral terwyl dit oënskynlik nie seker is of die beskuldigde die volle vorige vonnis moet uitdien of nie? Sou dit nie net gepas gewees het om ‘n groter deel van die vonnis op te skort nie?”

[5] Die landdros het met hierdie sienswyse saamgestem en die vonnis wat hieronder vermeld word, voorgestel.

Bygevolg word die skuldigbevinding bekragtig, maar die vonnis wat opgelê is, tersyde gestel en vervang met die volgende vonnis:

Ingevolge artikel 276(1)(b) Wet 51 van 1977 word die beskuldigde gevonnis tot 24 (vier en twintig) maande

gevangenisstraf waarvan 18 (agtien) maande gevangenisstraf opgeskort word vir 4 (vier) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan diefstal of poging daartoe gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie.

Die vonnis moet geag word opgelê te gewees het op 26 Januarie 2009.

**G.F. WRIGHT, R**

Ek stem saam.

**B.C. MOCUMIE, R**

/sp